**WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE**

**ARTIIKEL 29 SITTING**

**"IN CAMERA"**

**DATUM:** **29-07-1997**

**NAAM:** **MATEKELANI F. MANZINI.**

**GEHOU TE:** **JOHANNESBURG**

**DAG 2**

---

CHAIRPERSON: Is it still Sergeant Manzini?

MR MANZINI: That is right. Kan ons Afrikaans gebruik maar, asseblief?

VOORSITSTER: Ja, ek hoor jy gaan Afrikaans praat, maar ek gaan Engels praat en jy kan in Afrikaans praat.

MR MANZINI: "All right", dit is goed.

CHAIRPERSON: Good morning everybody, we are happy to have you here again. Before we begin, I am going to ask you to stand to take the oath please.

MATEKELANI FRANS MANZINI: (verklaar onder eed)

CHAIRPERSON: Thank you, you may be seated.

MR MANZINI: Thank you.

CHAIRPERSON: Sergeant Manzini, I presume that Mrs Van der Walt and Mr Prinsloo are your legal representatives in this matter?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

CHAIRPERSON: This is an investigation enquiry in terms of Section 29. I understand that the statement that you made more than 10 years ago, has been made available to you to allow you to refresh your memory.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

The people who will be asking you questions in this matter, are Mr Frans Malan, Mr Steenkamp, Colonel Fanie Killian and Mr Fanie Molapo. I understand that you are going to feel comfortable speaking in Afrikaans. Please feel free to do so.

All of them are fully conversant, if I have a difficulty I will ask one of them to translate for me. Thank you.

MR MANZINI: "Thank you".

CHAIRPERSON: Would you like to wait for Mr Prinsloo to come back?

MRS VAN DER WALT: No, we can carry on.

MR MANZINI: No, you can carry on.

CHAIRPERSON: Would you like to make a statement before we carry on?

MR MANZINI: No.

CHAIRPERSON: Thank you.

ADV STEENKAMP: Sersant Manzini, miskien kan u net vir ons kortliks sê wat is u agtergrond, waar u vandaan kom, waar u tans werk en wat tans u posisie is asseblief?

MNR MANZINI: Ek is speurder-sersant in diens van die Suid Afrikaanse Polisie Dienste, gestasioneer te Ermelo, Misdaad Intelligensie.

ADV STEENKAMP: En kan u net vir ons sê, kortliks u agtergrond skets. Van wanneer af is u reeds 'n polisiebeampte?

MNR MANZINI: Ek is 'n polisiebeampte vanaf 1980, die 10de April. Van daardie tyd tot ek kollege toe gegaan het, het ek dossiere ondersoek, ondersoekdienste gedoen.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: As u kyk na u dagvaarding, ons gaan basies vandag fokus op die voorval van die 12de Junie 1988.

Een van die sogenaamde Piet Retief voorvalle. Dra u kennis van die voorval?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Kan u miskien vir ons in u eie woorde net kortliks vertel wat u van die voorval weet en wat u betrokkenheid daarby was asseblief?

MNR MANZINI: Op daardie stadium was ek werksaam gewees te Misdaad Ondersoekdienste te Piet Retief. Luitenant Combrinck, hy is nou tans 'n superintendent was my onmiddellike takbevelvoerder gewees.

Hy het my opdragte gegee om saam met die Veiligheidsbeamptes diens te gaan lewer. Hy het my saamgevat daar na die Veiligheidskantore toe waar ek 'n ene adjudant-offisier Pienaar ontmoet het, waar hy my getaak het wat my dienste moes gewees het.

Hy het verder opdragte gegee aan ene adjudant-offisier Theron om my sekere plekke te gaan uitwys. Die eerste plek was waar ek van die ANC lede moes gaan oplaai het. En tweedens was daar waar hulle sal vir my wag toe ek ingekom het.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, as ons miskien - kan ek net vir u vra, u het nou u verklaring deurgegaan en ek lei af die getuienis ook, kan u seker herinner wat u getuig het. Staan u steeds by daardie verklaring wat u afgelê het gedurende die voorval en die ondersoek van die voorval?

MNR MANZINI: Ja, daar is sekere aspekte wat ek miskien nie sal weerstaan nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Sê u die verklaring wat u afgelê het daardie tyd was korrek gewees?

MNR MANZINI: Daar is van die feite wat nie korrek was nie.

ADV STEENKAMP: Kan u miskien net vir ons aandui watter feite dit was en waarom dit nie korrek was nie? Waarom met ander woorde is daar feite weergegee wat nie korrek was op die voorval nie, waarom het u dit gedoen?

MNR MANZINI: Eerstens, daardie tyd was ek 'n konstabel gewees en ek het opdragte uitgevoer van my seniors. Hulle het my ook gesê wat ek moet doen en wat ek moet sê.

ADV STEENKAMP: Sê u met ander woorde iemand het u voorgesê om 'n valse verklaring af te lê?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Kan u vir ons sê wie het dit vir u gesê om dit te doen?

MNR MANZINI: Adjudant-offisier Pienaar van die Veiligheidsbeamptes destyds.

ADV STEENKAMP: Kan u enige rede gee hoekom hy so iets sou doen en het u geweet dit was 'n oortreding om 'n valse verklaring af te lê daardie tyd?

MNR MANZINI: Ek kan kortliks sê ek het nie geweet wat hulle hele mening was nie, maar ek het niks weggesteek gehad nie.

ADV STEENKAMP: U het ook, as ek reg is, hierdie vals inligting wat soos in die verklaring weergegee is ook in die hof herhaal gedurende die GO, is dit reg so?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Waarom het u dan vals getuig ook in die hof?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Dit is omrede dat ek 'n verklaring, so 'n verklaring afgelê het en ek moes dit maar so weer sê.

ADV STEENKAMP: Was u enigsins gedreig gewees of geïntimideer gewees om hierdie vals verklaring of vals getuienis af te lê?

MNR MANZINI: Die enigste rede wat daar was, was omrede dat ek onder die - ek meen - ek was 'n junior gewees.

MEV VAN DER WALT: Wat sou gebeur het as u nie so gedoen het nie?

MNR MANZINI: Wat sou gebeur het as ...

MEV VAN DER WALT: As u nie hierdie valse getuienis af wou lê nie?

MNR MANZINI: Ek het maar net afgelê dat ek miskien beskou word soos 'n negatiewe persoon in die polisiemag of so.

ADV STEENKAMP: Het u nie besef dat hierdie valse verklaring u nou aandadig maak aan 'n misdryf nie?

MNR MANZINI: Nie op daardie stadium nie, aangesien ek gedink het alles wat hulle doen is reg.

ADV STEENKAMP: Miskien 'n laaste vraag van my kant af, u het toe ons u genader het, ek dink kolonel Killian het u genader, het u vir hom gesê dat u bereid is om die ware storie te vertel agter die storie?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Wat het u daarmee bedoel?

MNR MANZINI: Ek het bedoel dat ek moes kom sê het wat werklik daar gebeur het.

MNR MALAN: Voel u vandag nog bereid om die volle waarheid te vertel aan die Kommissie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ek het geen beswaar nie.

MNR MALAN: Mnr Manzini, ek dink dan moet u nou maar voortgaan en die werklike verhaal vertel en terwyl u besig is, miskien vir ons aandui die punte spesifiek waar u destyds vals getuienis gegee het.

MNR KILLIAN: Mag ek net onderbreek. Ek dink dit is regverdig teenoor die getuie, dat ons miskien vir hom 'n afskrif van sy verklaring voor hom neersit en dan kan hy puntsgewys vir ons uitwys waar hy valslik sou getuig het.

MNR MANZINI: Ek het dit gelees.

MNR KILLIAN: Ek dink dit is net regverdig teenoor hom.

MEV VAN DER WALT: Hy het dit gelees, laat hy maar getuig, dan sal ek vir u sê. Getuig maar, dan kan u later maar sê.

CHAIRPERSON: I would actually prefer you to just to tell the story in your own words, and once you have done that, then we can actually deal with the points of dispute of your story.

MNR MANZINI: Ek was deur my takbevelvoerder opdragte gegee om saam met hulle te werk en soos ek alreeds getuig het, adjudant-offisier Pienaar het toe verdere opdrag aan adjudant-offisier Theron gegee dat hy my plekke gaan uitwys.

Die eerste aand het ek gegaan, die mense het nie opgedaag nie en die tweede aand, toe ek daar gegaan het, het ek die mense gekry. Ek het saam met hulle by die punt gekom soos bespreek.

Die reëlings was dat as hulle gewapen was, sou ek links ge-"flikker" het en stilgestaan het by die punt. As hulle ongewapen was, sou ek nie ge-"flikker" het nie, maar net gaan stop het daarso.

As ek nie kom stop nie, dan sou ek deurgery het tot by 'n sekere garage langs 'n sekere gebou, Green Door. As ek hulle nie gekry het nie, sou ek links gaan parkeer het.

Ek het toe saam met hulle gekom. Toe ek by die punt gekom het wou ek stop, soos bespreek het. Ek kan nie meer onthou nie, want ek het groot geskrik, of ek ge-"flikker" het of nie, maar ek onthou dat ek wou stop, toe een van hulle gesê het ek moenie stop nie. Hulle was gewapen gewees.

Hulle het AK's by hulle gehad. Toe het ek onmiddellik remme geslaan en padgegee. Daar was nie pad blokkades of 'n blou lig of niemand het my gestop met 'n flits of so.

En verder het ek net gehoor - die skote gehoor klap en toe gaan plat lê langs die gras.

ADV STEENKAMP: Het enigeen van die insittendes geskiet, self geskiet?

MNR MANZINI: Wat ek self geskiet het?

ADV STEENKAMP: Nee, enigeen van die insittendes van die kombi, het enigeen van hulle geskiet?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie.

ADV STEENKAMP: Ek verstaan nie hoekom u nie kan sê nie, u was daar. Het enigeen van die insittendes begin vuur op enigiemand?

MNR MANZINI: Dit was laat in die aand, donker, en toe ek die remme geslaan het, het ek onmiddellik uitgespring en padgegee. Ek het maar net die skote gehoor klap.

MNR MALAN: Mnr Manzini, kan u teruggaan na die punt waar u die mense opgetel het en net verduidelik hoe het dit plaasgevind?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Dit is reg. Ek het - die reëlings was ek sal hulle daar "half past eight" kry die aand. Ek het daarso gewag en hulle het nie gekom nie.

Toe het ek die voertuig ge-"start", vorentoe beweeg. Toe ek teruggekom het, toe was daar reeds een by die teerpad gewees, by die pad.

Toe het ek gestop. Toe het hy by my gekom en vir my gevra of - is ek die persoon wat die mense moet Durban toe vat? Toe het ek dit bevestig.

Toe het hy my gesê ek moet net so 'n rukkie wag daar by die pad, toe het hy weer teruggegaan na die bos se kant toe. Toe het hy saam met die ander mense gekom, hulle was almal tesame ses.

En al ses het wapens gehad by hulle. Tussen die ses het ek saam met een gepraat wat 'n bietjie ouerig gewees by hulle. Hy het 'n Scorpion gehad. Scorpion vuurwapen en ek kon sien aangesien hy baie naby aan my was.

Toe het ons oor die prys onderhandel. Toe het hy vir my gesê die mense sal vir my langs die pad R600-00 gee, toe het hy die geld uitgehaal en een van hulle gegee, een van die vier gegee.

Toe het ek die bussie se "boot" geopen om te sê hulle moet hulle bagasie daarso in sit, toe wou hulle nie. Toe het ek maar weer teruggesit, maar ek dink daar is een sak of twee wat daar agter was.

Toe het ek die bussie se "sliding door" oopgemaak en hulle is toe in. Ons het toe gery.

MNR MALAN: U sê hulle was gewapen, hoe was hulle gewapen?

MNR MANZINI: Elkeen het 'n AK by hom gehad en voor hulle ingeklim het, een van hulle het iets gesê maar ek kan nie die woord uitmaak nie. Dit is 'n taal wat

ek nie kan verstaan nie. Hy het 'n woord gesê toe het hulle die wapens gespan. Al vier van hulle "simultaneously" en toe is hulle in, toe het ons gery.

En langs die pad het ons gesels, toe het ene van agter af, want hulle was almal by die agterste sitplek, toe het een oorgekom vorentoe.

MNR MALAN: Het u geweet dat die opgeleide ANC mense was?

MNR MANZINI: Ek het alreeds - die een man saam met wie ek gepraat het daarso, het my gesê ek hoef nie bang te wees nie, hulle sal my beskerm, aangesien hulle soldate was. Dit is nou wat hy vir my persoonlik gesê het.

So ek het aangeneem dat hulle opgeleide ANC mense was.

MNR MALAN: Het ek reg verstaan dat toe u by die ander punt kom waar u moes stop, dat daar geen tekens van polisie was nie?

MNR MANZINI: Ja.

MNR MALAN: Was dit bloot 'n leë pad?

MNR MANZINI: Ja, dit was 'n leë pad gewees, maar daar was 'n voertuig gewees, 'n Opel Monza.

MNR MALAN: 'n Polisie voertuig of 'n privaat voertuig?

MNR MANZINI: Dit is 'n privaat voertuig, maar dit was die polisie s'n, dit is 'n sedan voertuig, maar dit was die polisie s'n.

ADV STEENKAMP: Het u dit gesien?

MNR MANZINI: Ek het geweet dat dit daarso was, ek kon dit sien, maar ek glo nie iemand anders kon hom sien nie.

MNR MALAN: Watter rede het u aangegee om te stop?

MNR MANZINI: Nee, ek kan nie onthou nie. Ek het geweet ek moes daarso stop en soos ek - ek het nie presies by die punt gestop nie, aangesien ek groot



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

geskrik het daardie tyd en ek het geweet ek moes by daardie plek stop en hier ry ek nou verby, en toe het ek vorentoe gaan stop en weggehardloop.

MNR MALAN: Hoe het u gehardloop in verhouding hoe die voertuig tot die pad gestaan het?

MNR MANZINI: Ek het voor die voertuig van regs tot links gehardloop.

MNR MALAN: Deur die voertuig se hoofligte?

MNR MANZINI: Dit is reg.

MNR MALAN: Waarheen?

MNR MANZINI: Na die bos se kant toe.

MNR MALAN: Aan u eie kant van die pad?

MNR MANZINI: Nee, aan die linkerkant van die pad.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, Deetlefs het getuig, u sal seker dit onthou, dat daar op u gevuur was en dat daar ook 'n voertuig met 'n blou lig was, 'n polisie voertuig. Ek lei af dit is nou alles leuens? Daar is nooit op u gevuur nie, want u kan dit nie onthou nie en dan dit wat hy sê dat daar 'n polisie voertuig met 'n blou lig was, dit is ook 'n leuen?

MNR MANZINI: Ja, nee, die blou lig was nie daar nie.

ADV STEENKAMP: En is daar ooit op u gevuur deur die insittendes?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie.

MNR MALAN: Okay, dankie. Weet u of van u passasiers die voertuig se deure oopgemaak het?

MNR MANZINI: Toe ek teruggekom het, was die voertuig se linkerkantse deur oop en die ander man het, die man wat saam met my voor was, was alreeds dood, hy was op die grond.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MALAN: Maar toe u nou hardloop, kan u sê of hulle toe die deur al oop gehad het?

MNR MANZINI: Ek kon niks sien nie.

MNR MALAN: Het u enigiets verder gesien wat rondom daardie voertuig gebeur nadat u gevlug het?

MNR MANZINI: Nee, ek het net die skote gehoor klap.

MNR MALAN: Is u in staat om te sê watter tipe vuurwapen dit was wat gevuur het?

MNR MANZINI: Nee. Kan ek net 'n bietjie vra hierso, wat deur die polisiemense gebruik het of wat?

MNR MALAN: Kan u die verskil hoor uit ervaring tussen 'n AK en 'n R4 en 'n Scorpion en so aan?

MNR MANZINI: Nee.

MNR MALAN: Hoe ver was u van die voertuig af toe die eerste skote klap?

MNR MANZINI: Ek kan nie presies bepaal hoe ver ek was nie.

MNR MALAN: Het u toe nog gehardloop of het u toe al platgelê?

MNR MANZINI: Ek het nog gehardloop toe die skoot gegaan het.

MNR MALAN: Wil u probeer om 'n skatting te gee, tien treë, vyftig treë, honderd treë?

MNR MANZINI: Ek kan sê miskien so, toe die eerste skoot geklap het, kan ek miskien so tien treë, vyf tot tien.

MNR MALAN: Het u die polisiemense gesien op daardie oomblik?

MNR MANZINI: Ja, ek het - toe ek in die bos in hardloop, het ek gesien dat hulle aangehardloop kom met flitse.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Het hulle uit die bosse uitgekom?

MNR MANZINI: Nee, hulle was reeds van agter af.

CHAIRPERSON: Sir, if I hear you correctly, you pulled off on this side of the road, you jumped out of the car, but you don't run to your right hand side, you cross in front of the vehicle and you run into the bushes. So where are you saying the police came from, the back?

MNR MANZINI: Ja.

MNR MALAN: Was daar 'n soeklig op die toneel?

MNR MANZINI: Ja, daar was. Soeklig? Ja, daar was baie ligte.

MNR MALAN: Ek praat nou van 'n groot, baie skerp soeklig?

MNR MANZINI: Ja, daar was ligte gewees, soekligte ek kan sê.

MNR MALAN: Wanneer het u dit vir die eerste keer gesien?

MNR MANZINI: Toe ek teruggekom het van die bos se kant af.

MNR MALAN: Toe u dus weghardloop van die kar, was daar geen groot soeklig op die kar gewees nie?

MNR MANZINI: Toe ek ingehardloop het, toe ek weggehardloop het, het ek nou gesien toe hulle gekom het met die ligte.

ADV STEENKAMP: Ja, maar verstaan u die verskil tussen 'n flits wat 'n mens in die hand dra en 'n groot "spot light" waarmee jy vliegtuie daarbo kan sien?

MNR MANZINI: Ja, jy sien dit is 'n bietjie moeilik om te bepaal of dit 'n soeklig is of wat ook al. As jy bang is vir 'n skoot agter en jy hardloop deur die bos.

ADV STEENKAMP: Ek praat nou van 'n soeklig wat skerper is as 'n kar se hoofligte?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Al wat ek kan sê is ek het ligte gesien, flitse en dit was skerp gewees en ek kon nie sien of dit 'n soeklig is of wat nie.

MNR KILLIAN: Kan 'n mens die lig wat 'n mens op daardie stadium gesien het, beskou in leke taal as 'n "spot light"? Soos 'n jaglamp wat baie helderder as 'n flitslig is?

MNR MANZINI: Ja, daar was wel baie lig gewees daarso.

CHAIRPERSON: I would just like to establish, when you actually ran from the vehicle, you hear the shots, but at that stage, you don't see any light?

It is only as you come back. I presume you make your way back when the shots stop?

MR MANZINI: You see it was very difficult for me to determine as to when was the light - was the light before or after the shot you know. Because I was running for my life, you know. What should happen there is either the police would kill me or the people from the back.

I was just running - "vir my lewe".

MNR MALAN: Het u enigiets gesê toe u weghardloop?

MNR MANZINI: Ja, ek het geskreeu dat die mense gewapen was.

ADV STEENKAMP: Ek kan miskien net sê, die rede hoekom ek vir u vra of daar enigiemand geskiet is, want u sien al die magasyne wat op die toneel gekry is, was almal vol gewees. Nou 'n mens sou aflei as daar geskiet was met die wapens, dat hierdie magasyne van die wapens, van die patrone uitgevuur is.

Maar al die magasyne was vol?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê, maar as ek kan aflei, daar het 'n skoot agter my gegaan. Ek weet net nie wie het geskiet nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MEV VAN DER WALT: Maar u kan nie seker wees nie dat dit die mense in die kombi was wat vir u geskiet het nie?

MNR MANZINI: Nee, ek kan nie seker wees nie, maar daar was 'n skoot agter my.

MEV VAN DER WALT: Maar die skoot kan van die polisie af gekom het?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie.

MNR MALAN: Wie was in bevel van die polisie groep wat gevuur het?

MNR MANZINI: Ek kan regtig nie onthou nie.

ADV STEENKAMP: Sê vir my wie het u almal daar gesien, later nou as deel van daardie groep?

MNR MANZINI: Deetlefs, kolonel Deetlefs hy was daarso, adjudant Pienaar, en die res ken ek nie.

ADV STEENKAMP: Het u net daardie twee geken?

MNR MANZINI: Dit is reg, want ek het hulle voor die tyd geken. Sien die Veiligheidspolisie het so gewerk dat hulle goed altyd geheim gehou het.

Tot as jy by hulle kantoor gegaan het, kon jy nie net ingaan sonder 'n goeie rede nie. Al is jy lede van die ...

ADV STEENKAMP: Ken u vir Eugene de Kock?

MNR MANZINI: Nee, ek het hom nou onlangs gesien.

ADV STEENKAMP: Kan u uit herinnering sê of hy daar was?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie.

MNR MALAN: U sien, die probleem, ek glo u sal met my saamstem, die probleem wat - of dit wat ek nie verstaan nie is waarom 'n op die oog af, 'n wettige optrede daar sover gegaan moet word om die ding toe te smeer, daar word vals



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

verklarings afgelê, daar word van al die lede vals verklarings afgelê, daar word vals getuienis in die hof aangebied.

Wat is die rede, volgens u, hiervoor as dit op die oog af - u sê die mense was gewapen, die wapens was gespan. Volgens u was hulle terroriste of ANC lede dan gewees wat oor die grens gekom het. Waarom sou iemand so ver gaan om die ding dan toe te smeer, dit blyk dan 'n wettige optrede te wees?

MNR MANZINI: Ek weet nie wat hulle mening was nie, maar wat ek gedoen het is wat hulle vir my gesê het om te doen.

CHAIRPERSON: Was it your understanding from the beginning that in fact, what did you think would happen to the passengers you were carrying?

It seems quite clear from your own actions when you escaped from the vehicle, that you knew that in fact there was an intention to kill the people in the vehicle, because otherwise you could have stopped and quite frankly the other cops could have moved in to arrest these people.

Did you know beforehand, you must have?

MNR MANZINI: Nee, ek het nie geweet nie. Ek kan ook nie vooruit dink wat presies sal gaan gebeur nie.

MNR KILLIAN: Kom ons gaan net 'n bietjie terug. Voordat so 'n operasie van stapel gestuur word, dan word daar 'n voorligtingsessie gehou waarby alle persone betrokke by daardie aksie, voorligting gegee word oor wat van elkeen verwag word, wat elkeen se funksie gaan wees en hoe elkeen moet optree, is dit korrek?

MNR MANZINI: Word daar so 'n vergadering gehou?

MNR KILLIAN: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ja, maar met my het hulle dit nie gedoen nie. Ek het net opdragte gevoer.

MNR KILLIAN: Op watter stadium raak u nou by hierdie proses betrokke? Hoe lank voor die werklike insident waar daar nou geskiet word, word u in kennis gestel dat u moet hierdie handeling verrig as die bestuurder om hierdie mense te gaan oplaai wat daar onder daardie groot boom, wat aan u uitgewys is, dit is mos nou die oplaaipunt, is ek korrek as ek vir u so sê?

MNR MANZINI: Ja, dit is korrek.

MNR KILLIAN: Nou sê nou vir my, hoe lank voor die tyd word u nou deur die persone in beheer van hierdie operasie ingelig oor wat gaan u funksie wees in hierdie operasie?

MNR MANZINI: Wat daar gebeur het, is ek die middag gesê.

MNR KILLIAN: U moet nou nie met my van die middag praat nie, dit klink vir my of daar op meer as een dag 'n lopie plaasgevind het?

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: Nee, u moet nou vir my sê op watter stadium word u ingelig dat u moet nou aanmeld by die Veiligheidstak by Piet Retief om saam met hulle sekere operasies te gaan uitvoer? Hoe lank voor die skietvoorval?

MNR MANZINI: Ek is die middag, kan sê voor vieruur se kant, ek dink hier voor vieruur is ons uit na die plekke toe.

MNR KILLIAN: Is dit nou op die datum van die skietvoorval?

MNR MANZINI: Nee.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Dit is hoekom ek nou vir u vra. Hoe lank voor die skietvoorval was u in kennis gestel dat u moet aanmeld by die Veiligheidstak by Piet Retief om sekere dienste saam met hulle te gaan verrig?

MNR MANZINI: Die eerste dag was ek die Vrydag genader omtrent die geval en hulle is, ek dink, twee of drie dae daarna.

MNR KILLIAN: Op hoeveel geleenthede was daar 'n inoefening gedoen om u te vergewis van presies wat verwag hulle wat u moet doen in die proses nadat u nou hierdie mense daar naby die grens onder die groot boom opgelaai het?

MNR MANZINI: Daar was geen oefening gewees nie.

MNR KILLIAN: Hoe het u dan geweet waar u moet stilhou?

MNR MANZINI: Soos ek gesê het, adjudant-offisier Theron het my gevat, net een dag en gaan wys waar ek moet gaan stilhou.

MNR KILLIAN: So Theron het jou gevat na die groot boom en vir jou gesê hier sal mense jou nader, hulle gaan aan jou sekere vrae vra en daarna moet jy hulle oplaai en by punt A, wat hy ook aan jou gaan uitwys het, of punt B, noem dit wat jy wil, daar moet jy dan gaan stilhou met 'n sekere teken van flikkerligte of verdof van hoofligte of wat ook al en daar sal dan die polisie toeslaan, hulle sal daar gereed wees.

Dit sal nou die optredepunt wees daardie? Is dit wat gebeur het?

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: En dit was net op een geleentheid gedoen?

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: En u was nooit in kennis gestel voor die tyd, watter posisies gaan die polisie inneem sou die mense gewapen wees en u gee die vooraf gereëlde



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

teken, waar gaan die polisiebeamptes stelling inneem om dan die arrestasie of die skietgeveg te doen nie, uit te voer nie?

MNR MANZINI: Ek het geweet ek sal hulle by die punt gaan kry, dit het ek geweet.

MNR KILLIAN: Nee, ek vra vir u het u geweet waar die polisiebeamptes gaan stelling inneem wat dan sou die insittendes wat u gaan oplaai het, gewapen wees, waar sal die polisiebeamptes stelling inneem om dan 'n moontlike skietery te konfronteer of gereed te wees daarvoor?

MNR MANZINI: Miskien verstaan ek nie die woord stelling inneem nie.

MNR KILLIAN: Nou okay, kom ek draai dit om, ek sê het hulle ooit vir u gesê op watter plekke gaan die polisiebeamptes staan, sit, lê, noem dit wat u wil, wanneer u dan op hierdie vooraf gereëlde plek gaan stilhou, waar sal die polisiebeamptes wees op daardie stadium.

U gaan nou ingeval die insittendes gewapen is, word dit van u verwag om u linker flikkerlig aan te skakel, dit sou 'n aanduiding wees dat die mense gewapen is, is dit korrek?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Het hulle vir u gesê waar gaan hulle wees, die polisiemanne wat nou daar voor die blou lig kar wat daar voor in die gras geparkeer is, waar gaan hulle plekke inneem wanneer jy stilhou, waar sal daardie polisiemanne wees?

Behalwe daardie kar daar voor, waar gaan hierdie polisiemanne wees op die stadium wanneer u stilhou?

MNR MANZINI: Ek het nie geweet presies waar hulle sal wees nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: Sorry, with respect Sergeant Manzini, I find it difficult to believe and it is not that I doubt what you are saying, but here you are, you are being asked to put your life on the line, you are going to carry presumably armed terrorists, you are asked to pick them up, to drive them to a pre-arranged spot where other policemen will be waiting.

But you are not told what to do next, once you get to the spot and you actually stop. Surely you must have been given instructions. Either you were to sit in the vehicle and wait for the other policemen to approach you, alternatively you were to evacuate the vehicle immediately and run in a particular direction or were you going to wait to be slaughtered with the guys in the vehicle? I think that is what Mr Killian wants to know.

MNR MANZINI: Ek het nie geweet die mense gaan geslag word soos u noem. My doel was om daardie mense saam te vat tot by die punt.

Ek het ook nie geweet daar gaan 'n skietery plaasvind nie. As ek geweet het voor die tyd, ek sal nie gegaan het nie.

MEV VAN DER WALT: Maar hoekom het, wat het u gedink sal gebeur het? Hoekom het u uit die voertuig, hoekom het u uitgeklim en gehardloop?

MNR MANZINI: Hier is ek dan nou saam met die mense, hulle is gewapen, ek kan sien hulle is gereed om te vuur en ek stop. En langs die pad het hulle gesê ek mag op geen stadium stop nie.

MNR KILLIAN: Kan u dan vir my verduidelik, ek het nou groot waardering vir wat u sê, ek luister mooi na wat u vir my sê, maar nou sê logika vir my dat u optrede toe u stilgehou het, en u het in u getuienis gesê dat die mense is gewapen en



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

daar was 'n opdrag of 'n woord gespreek waarna die insittendes hulle AK47's gespan het.

Met ander woorde hierdie wapens was gereed om te vuur.

MNR MANZINI: Dit is reg.

MNR KILLIAN: Nou sê logika vir my u hou stil, u hardloop nie in die beskerming van die donkerte in nie, u hardloop voor om die voertuig in die hoofligte, waar u duidelik sigbaar is as 'n teiken en u wil nou vir ons sê ons moet nou aanvaar dat daar was nie vooraf gereël in watter rigting u moet hardloop nie.

MNR MANZINI: Nee. Nee, dit was nie vooraf gereël nie. Ek het weggehardloop om my lewe te red en ek het soontoe gehardloop aangesien die bos naby was.

As ek miskien by die regterkant geparkeer het, sal ek daardeur gehardloop het.

MNR KILLIAN: Maar u hardloop in die lig in? U hardloop reg in die hoofligte van die voertuig in, waar u 'n duidelike teiken is? U hardloop nie in die rigting van die duisternis wat aan u 'n gedeeltelike beskerming kan bied nie?

MNR MANZINI: Dit is wat ek op daardie stadium gedink het ek moet doen, so deur te hardloop daar na die bos toe.

MNR KILLIAN: Ek sal terugkom as ek insae kry daar in die GO dossier, en dan wil ek aan u foto's wys van die stellings wat die polisiebeamptes ingeneem het en dan gaan ons die punt verder voer.

ADV STEENKAMP: Ek dink die probleem, om aansluiting te vind by kolonel Killian, die probleem wat ek het, hierdie persone is gewapen met gespande AK47 gewere, hulle sit agter u.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Hulle sê vir u u moenie stop nie, u moet ry. U besluit self, nee, ek spring liewer uit, ek stop, stop die voertuig, ek spring uit en ek hardloop weg. Maak dit vir u sien as hier mense sit met wapens agter u, gespande AK47 gewere?

En u besluit desnieteenstaande u lewe is so in gevaar, u stop maar liewer en hardloop weg en voor die lig in.

MNR MANZINI: Dit is wat ek ...

ADV STEENKAMP: En u weet ook dit is nag,u sê self dit was nag, u weet nie waar die polisie is nie, u weet nie wie hulle is nie, of presies waar hulle staan nie.

Desnieteenstaande al hierdie oormag waarskynlikhede, u besluit steeds nee, ek stop liewers, ek spring uit, ek hardloop, ek weet nie waarheen nie, terwyl hierdie vyf persone gewapen is, met vol magasyne? Klink dit nie vir u snaaks nie?

MNR MANZINI: Ja, dit is wat ek gedink het, ek moet net padgee. "All right", ek is verby die punt gewees en ek het daar voor gaan stop, ek gee net pad.

ADV STEENKAMP: Kan ek vir u 'n vraag vra, met groot respek aan u, waarom moet ons u vandag glo as u reeds by vorige geleenthede vals verklarings afgelê het en gelieg het in 'n hof, hoekom moet ons u weergawe vandag nou glo?

MNR MANZINI: Ek weet nie, maar wat ek nou sê is die hele waarheid.

MNR MALAN: Mnr Manzini, u weet dat daar 'n vorige voorval ook plaasgevind het van die aard?

MNR MANZINI: Dit is korrek, ek het dit geweet.

MNR MALAN: Het u dit toe ook geweet, daardie dag?

MNR MANZINI: Watter dag, die dag van die voorval?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MALAN: Kyk, hierdie voorval het gebeur op die 12de Junie.

MNR MANZINI: Ja.

MNR MALAN: Op die 8ste Junie het presies dieselfde tipe ding gebeur op dieselfde plek of daar naby?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR MALAN: Toe u op die 12de Junie die kar gery het, het u geweet op die 8ste Junie was daar so iets?

MNR MANZINI: Dit is reg, ja.

MNR MALAN: U het geweet, ken u vir Moshe wat daardie kar bestuur het?

MNR MANZINI: Nee, ek ken hom nie.

MNR MALAN: Het u geweet dat daar mense doodgeskiet was?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR MALAN: Nou hoe kan u sê u het nie geweet wat sal gebeur toe u die kar bestuur het nie?

MNR MANZINI: Enige ding gebeur op sy eie manier. As een van my polisiemanne nou iemand hier moet loop vang en hulle skiet hom dood, ek sal nie ophou en sê "all right" ek gaan nie soontoe nie, want hulle gaan my ook doodskiet, ek sal moet gaan.

MNR MALAN: Het u ooit aan 'n behoorlike pad blokkade deelgeneem voor die 12de Junie?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR MALAN: U weet dit word opgestel met voertuie en ligte en ge-uniformeerde offisiere ensovoorts?

MNR MANZINI: Dit is reg.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MALAN: Daar was niks van daardie reëlings in hierdie geval nie?

MNR MANZINI: Nee.

MNR MALAN: Nou wat het u gedink gaan gebeur?

MNR MANZINI: Na my mening het ek gedink, miskien die mense gaan gearresteer word.

ADV STEENKAMP: Maar daar is geen wettige pad blokkade nie, u weet tog waarom daar 'n pad blokkade is sodat polisie voertuie kan deursoek.

MNR MANZINI: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Hier is u alleen. Dit lyk vir my die enigste afleiding is dat die rede waarom daar nie 'n pad blokkade gehou is nie, welwetende dat hierdie mense gewapen is, is die polisie het geen intensie of bedoeling gehad, en u moes dit geweet het, om hierdie mense te arresteer nie. U moes uit die voertuig uitklim, sodat die mense afgemaak kan word.

Daar was geen rede nie, want as die voertuig sou wegjaag sou niemand hulle kon stop nie. U het geweet dat hierdie persone doodgemaak, doodgeskiet gaan word. Daar was geen bedoeling van enige persoon op enige stadium, dat hierdie persone arresteer sou word nie, want indien dit die geval sou wees, dan sou 'n mens ten minste verwag het dat daar 'n wettige pad blokkade is, waar mense gearresteer word met hierdie wapens?

MNR MANZINI: Ek het nie geweet hulle gaan doodgeskiet word nie.

MNR MALAN: Hoekom het u gedink dat in hierdie geval nie sal gebeur wat op die 8ste Junie gebeur het nie?

MNR MANZINI: Dit het maar so gebeur dat ek nie so gedink het nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MALAN: Toe adjudant Theron u na die punte toe geneem het en vir u gesê het wat om te doen, het u toe geweet dat u uself in lewensgevaar sal begeef?

MNR MANZINI: Op daardie tyd?

MNR MALAN: Ja?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, was u self gewapen gewees?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: So u ontmoet swaar gewapende terroriste in die middel van die nag, hulle sê vir u u moenie stop nie, u ry maar aan,u spring uit die voertuig uit as ongewapen? Maak dit vir u sin mnr Manzini?

MNR MANZINI: Dit is so dat ek nie wou gehad het hulle moet erken ek is 'n polisieman nie. Dit is hoekom ek by die - by ons geselskap het ek hulle ook nie my regte name gegee nie, ek wou ook nie iets by my hê dat hulle miskien dink ek is van die polisie nie.

ADV STEENKAMP: Daar is nog een ding wat ek baie moeilik vind. Waarom het die polisie nou vir u gekies? U is 'n konstabel, hulle gee vir u hierdie moeilike opdrag, u moet terroriste gaan haal oor die grens, hulle oorbring en dan volgens u na 'n plek toe gaan waar ... (band eindig) ... u kry maar die terroriste daar, bring hulle oor.

MNR MANZINI: U sien, dit sal ek nie sê nie, want ek het maar net opdragte gekry van my bevelvoerder ek moet gaan en as ek ontken het of as ek geweier het ook, sal ek my plig versuim of so iets.

As ek geweet het daar sal 'n skietery plaasvind, ek sal op 'n manier weggekom het.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Toe u die opdrag gekry het om nou op te tree as 'n bestuurder van die noodlottige voertuig, hoeveel ander swart lede was op daardie stadium aan die Veiligheidstak by Piet Retief verbonde?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie, ek weet nie.

MNR KILLIAN: Nee, maar die wat u geken het, hoeveel was hulle? U is tog die Speurtak, Piet Retief se Speurtak en die Veiligheidstak is in dieselfde gebou, dit is net twee uithangborde wat aandui dit is die Veiligheidstak en dit is die Speurtak.

MNR MANZINI: Miskien drie of so, ek kan nie onthou nie.

MNR KILLIAN: Goed, u sê miskien drie. Drie wat u die name van kan in herinnering plaas?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Was dit nie vir u vreemd dat nie een van daardie drie lede gevra word om die taak wat nou aan u opgedra word, te gaan uitvoer nie?

MNR MANZINI: Ek het "all right", ek het aangeneem dat miskien aangesien hulle van die Veiligheidsbeamptes, is hulle ook bekend aan die mense buitekant.

MNR KILLIAN: Maar u is tog 'n kantoor verwyder van die Veiligheidstak af, u kantore op daardie stadium?

MNR MANZINI: Dit is reg.

MNR KILLIAN: Ja, so u is net so bekend in die omgewing as enigeen van hulle?

MNR PRINSLOO: Met respek Voorsitster, hy sê die mense buitekant, hy is 'n speurder en daardie mense is Veiligheidspolisie manne. Ek dink dit is 'n billike antwoord, 'n mens kan alkant toe redeneer op daardie punt.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: 'n Polisiebeampte bly 'n polisiebeampte. Of jy uniform dra en of jy privaat klere dra, jy bly 'n polisiebeampte in die omgewing waarin jy funksioneer, is jy bekend as 'n polisiebeampte. Is dit korrek?

MNR PRINSLOO: Ja, dit is.

MNR KILLIAN: Dit is. Met ander woorde hulle identiteit sou net so bekend gewees het aan die sogenaamde persone wat vervoer moet word, want hulle kom van oor die grens, hulle is nie inwoners van Piet Retief nie.

Hulle is en route van Swaziland af na Natal toe. Stem jy met my saam?

MNR MANZINI: Soos ek alreeds getuig het, dat die rede waarom hulle vir my gekies het om so te gaan optree, weet ek nie.

MNR KILLIAN: Wat was op daardie stadium die verhouding tussen uself en adjudant-offisier Pienaar van die Veiligheidstak op Piet Retief?

MNR MANZINI: Ek het hom geken as die baas van die Veiligheidspolisie, wat hulle gedoen het daarso het ek niks omtrent dit geweet nie.

MNR KILLIAN: Watter mate van respek het u vir hom gehad?

MNR MANZINI: Soos my senior man.

MNR KILLIAN: Net as 'n senior of vir die take en die dienste en die metodes en die suksesse wat hy behaal het?

MNR MANZINI: Ek het hom gerespekteer soos 'n adjudant-offisier en ek was 'n konstabel.

MNR KILLIAN: En u sou enige opdrag wat hy aan u gee, uitgevoer het?

MNR MANZINI: As ek 'n bevel kry van my takbevelvoerder, sal ek gaan.

MNR KILLIAN: En sedert hierdie voorval en nadat die kennisgewing op u bestel was deur myself, het u kontak gehad met Combrinck?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Combrinck, ja ek het.

MNR KILLIAN: En wat was die advies wat hy vir u gegee het?

MNR MANZINI: Nee, sien daar is nie advies wat hy vir my gegee het nie.

MNR KILLIAN: Wat het u met hom bespreek?

MNR MANZINI: Dit is dat ek gedagvaar was om hiernatoe te kom.

MNR KILLIAN: En die meriete van die gebeure daar by die skietvoorval, was dit met hom bespreek?

MNR MANZINI: Nee, nee, ons het niks daaromtrent bespreek nie.

MNR KILLIAN: Goed. U is vertroud met, op daardie stadium het u plus minus agt na tien jaar diens gehad?

MNR MANZINI: Ekskuus?

MNR KILLIAN: Op daardie stadium van hierdie voorval het u plus minus agt jaar diens gehad in die polisie. U sê u het in 1981 by die mag aangesluit.

MNR MANZINI: In 1980.

MNR KILLIAN: In 1980?

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: En hierdie voorval het nou plaasgevind?

MNR MANZINI: 1988.

MNR KILLIAN: 1988, so u het op daardie stadium agt jaar diens gehad.

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: Die opdragte met betrekking tot 'n polisiebeampte wat sy vuurwapen gebruik terwyl aan diens, dit is aan u bekend?

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Wat is daardie opdragte?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Dit is dat ek miskien as ek gevuur het?

MNR KILLIAN: Ja.

MNR MANZINI: Sal ek onmiddellik aan my senior rapporteer.

MNR KILLIAN: Kan ek u reghelp, u moet die diensoffisier in kennis stel.

MNR MANZINI: Dit is korrek. Dit is reg.

MNR KILLIAN: En daardie diensoffisier moet die toneel kom besoek.

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: En niks word op daardie toneel verander alvorens die diensoffisier nie daardie toneel besoek het nie.

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: En het dit in hierdie geval gebeur?

MNR MANZINI: Ek weet nie.

MNR KILLIAN: Nee, u was daar. Ek vra vir u, u was daar, u was deel, u was die bestuurder. Hier lê vier dooie mense wat deur polisiebeamptes doodgeskiet is, was die diensoffisier op daardie toneel, is hy daarheen ontbied, ja of nee?

MNR MANZINI: Ek kan nie onthou nie.

MNR KILLIAN: Nee, u kan nie vir my sê u kan nie onthou nie. Me alle eerbied en respek, kan u dit nie vir my sê nie. Ek probeer u nie in 'n lokval lei nie, dit is 'n baie eenvoudige vraag, u het te kenne gegee dat u vertroud is met die prosedure met betrekking tot skietvoorvalle waarin polisiebeamptes betrokke is en dat 'n diensoffisier ontbied moet word.

Nou moet u vir my sê was daar 'n diensoffisier na daardie toneel ontbied alvorens die liggame verwyder is, ja of nee?

MEV VAN DER WALT: Mnr Killian, hy het gesê hy kan nie onthou nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PRINSLOO: Met respek ook Voorsitster, dit is baie duidelik hier dat daar ander offisiere op die toneel aanwesig was, en hy was maar 'n konstabel, so hy sou glad nie gemoeid gewees het met die ontbieding van die offisier nie.

MNR KILLIAN: Ek vra nie vir hom om namens die offisiere te antwoord nie, hy was op die toneel. Ek vra vir hom kan hy vir my sê, ek vra nie hy moet vir my sê of die offisiere wat hulle gedoen het, en wat hulle versuim het om te doen nie, ek vra net vir die getuie was daar 'n diensoffisier wat daardie toneel besoek het alvorens die liggame verwyder was. Dit is 'n "simple" vraag.

MNR MANZINI: Ek kan nie sê, want kyk as ek self geskiet het, sal ek geweet het watter offisier het ek ontbied om die toneel te besoek, ek het nie self geskiet nie.

MNR KILLIAN: Kan ek 'n stelling aan u maak en u kan dit weerlê of erken. Het Combrinck nie die toneel besoek nie of die skietverslag voltooi nie?

MNR MANZINI: Ek weet nie.

CHAIRPERSON: What happened when you got back to the scene? Describe for us what the situation was like when you walked back to the vehicle after you came out of the bush?

MNR MANZINI: Soos ek alreeds getuig het, die een man het op die grond, die man wat saam met my voor gesit het, het op die grond langs die deur gelê.

En die ander mense was binne in die voertuig gewees.

CHAIRPERSON: En die polisiemanne wat daar was? Hoeveel mense was daar, wie het jy geken?

MNR MANZINI: Wat ek geken het was adjudant Pienaar en kolonel Deetlefs. Die res het ek nie geken nie, hulle het gekom van Pretoria dink ek.

VOORSITSTER: Hoeveel van hulle was daar?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ek weet nie, ek kan nie - ekskuus?

VOORSITSTER: Omtrent hoeveel?

MNR MANZINI: Ek kan nie sê nie. Toe ek weggegaan het, was ek alleen gewees. Ek het geweet waar om heen te gaan en die mense was alreeds by my gewees.

VOORSITSTER: Wie het met jou gepraat?

MNR MANZINI: Adjudant Pienaar.

VOORSITSTER: Wat het hy vir u gesê?

MNR MANZINI: Om die mense te gaan haal.

VOORSITSTER: Watse mense?

MNR MANZINI: Dieselfde mense waaroor ons nou praat.

VOORSITSTER: Waar moet u hulle gaan haal van?

MNR MANZINI: Daar langs die Swazi grens.

VOORSITSTER: Toe hoe het u gegaan?

MNR MANZINI: Met die bussie, met die taxi teken op.

VOORSITSTER: Sê net weer.

MNR MANZINI: Ek het met die bussie met die taxi teken op, gegaan.

VOORSITSTER: En toe, waar het u gestop?

MNR MANZINI: Moet ek weer van voor af begin?

VOORSITSTER: Nee, nee, ek vra u toe u terug na die toneel toe kom, ek is seker iemand het vir jou gesê jy kan nou loop of jy moet daar bly.

Nou jy sê vir my jy onthou nie hoeveel mense daar was nie, maar jy ken twee van hulle, Pienaar en Deetlefs.

MNR MANZINI: O, o,ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITSTER: Nou sê vir my wat het daar toe gebeur met u?

MNR MANZINI: Daarna is ek toe - ek kan nie meer onthou hoe is ek by die dorp nie, maar ek is toe dorp toe.

VOORSITSTER: Het iemand met u gepraat en gesê u kan nou gaan, hoe het u geweet dat u terug dorp toe moet ry?

MNR MANZINI: Ek het geweet, want ek moes weggegaan het na die ding.

ADV STEENKAMP: Ek dink dit is baie eenvoudig mnr Manzini. U het nou by die toneel gekom, hoe het dit nou gekom dat u daardie mense oplaai en wie het nou vir u gesê waarnatoe moet u ry?

MEV VAN DER WALT: Nee, ekskuus, u is nou besig om my kliënt te verwar want die voorsitster praat van gebeure na die tyd, waarvan praat u nou?

ADV STEENKAMP: Ek praat ook van gebeure na die tyd.

MNR BOTHA: So dit is nou na die skietvoorval?

ADV STEENKAMP: Ja.

MNR BOTHA: Nou kan u net u vraag herhaal asseblief.

ADV STEENKAMP: Goed. Kan u net vir ons sê hoe het dit nou gekom, wat het nou na die tyd gebeur, wat het u gedoen?

MNR MANZINI: Na die tyd?

CHAIRPERSON: I want you to think very carefully, there is quite a big question here for you. You are actually responsible for bringing people to a situation where they actually meet their death.

You claim that you didn't have knowledge beforehand about the incident that is going to take place.

MR MANZINI: That is right.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: But you yourself are able to escape from the vehicle, you jump out of the vehicle in a particular direction.

MR MANZINI: That is right.

CHAIRPERSON: Despite the fact that you say the people in the vehicle are armed and that they in fact prepared their weapons to shoot, you were not shot? And I want you to picture the scene, here is the vehicle, you don't run in that direction into the darkness, you actually run into the lights of the vehicle, across the lights of the vehicle and you run into the side.

So the people who is sitting with you in the vehicle, can actually pick you off at any time if they want to, despite that, you escape unarmed. But the people in the vehicle are shot dead. Now you come back to the scene and you actually go off to, back to town, but you tell us you can't really remember. I find it very, very hard to believe.

I would like you to reconstruct precisely what happens when you come back into this. How do you know at what time to come from the bush back to the scene? Does the firing stop?

MR MANZINI: You see, now the problem is you are asking me so many questions at a time. That is why I can't be able to answer you properly you want. You see. Maybe if you ask question by question, I will be able to answer you.

CHAIRPERSON: I think that is what we were actually doing.

MR PRINSLOO: With respect, Ms Chairperson, I have written down what you've asked and there are numerous questions asked, so if one can take them question by question as to what was indicating, it will be fair to him, with all



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

respect as to whether the question is what did he do, what did he see when he returned to the vehicle after the firing stopped or whatever.

CHAIRPERSON: Let's start with this question. You actually get out of the vehicle, you run around the vehicle in the front into the bushes. How far into the bush do you run? How many minutes do you think you were running?

MNR MANZINI: Alhoewel dit 'n bietjie moeilik is om die minute te bepaal, maar dit was baie vinnig. Baie vinnig. Omtrent twee of so.

VOORSITSTER: Wanneer het u toe stilgehou? Op watter punt het u geweet dat u veilig is?

MNR MANZINI: Ek het stilgehou hardloop nadat ek gevoel het dat ek diep is in die bosse en daar by die gras gelê het. Ek het teruggekom na die skietery.

VOORSITSTER: Hoe lank het u daar gewag voordat u terugstap na die voertuig toe?

MNR MANZINI: Ek het so tien tot vyftien minute dink ek.

VOORSITSTER: Op watter stadium het u gedink dit is nou veilig om terug te stap?

MNR MANZINI: Na die skietery ophou het.

VOORSITSTER: Omtrent hoeveel, "waht do you say" skote?

MR MANZINI: Shots?

CHAIRPERSON: Yes, before you actually walked back?

MNR MANZINI: Omtrent hoeveel skote?

VOORSITSTER: Ja, was dit vier, vyf, ses, tien?

MNR MANZINI: Skote?

VOORSITSTER: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Daar was baie skote gewees, ek kan nie onthou nie. Ek kon nie tel nie. Daar was baie skote.

VOORSITSTER: Hoe lank het u gewag vandat die tyd dat u die laaste skoot hoor voordat u terugstap?

MNR MANZINI: Soos ek alreeds gesê het, hoe lank het ek gewag na die laaste skoot?

VOORSITSTER: Ja.

MNR MANZINI: Het ek - voordat ek teruggegaan het. Soos ek gesê het, "plus minus ten minutes", het ek teruggegaan.

CHAIRPERSON: When you walked back, did you shout, I am a policeman, don't shoot me or did you just walk back knowing that they would know that you are a policeman?

MNR MANZINI: Soos ek alreeds gesê het, daar was reeds ligte gewees. Ek kon sien dat Pienaar is daarso en hulle kon my sien. Daar was alreeds ligte gewees daarso.

CHAIRPERSON: When you got to the scene there, what did you say? Who did you talk to?

MNR MANZINI: Ek dink ek het saam met Pienaar gepraat.

VOORSITSTER: Wat het hy gesê?

MNR MANZINI: Ek kan nie onthou nie.

VOORSITSTER: Hoe lank het u daar toe gewag voordat u weg van die toneel af gewees het?

MNR PRINSLOO: Bedoel u wanneer hy die toneel verlaat het?

VOORSITSTER: Verlaat, jammer.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ek kan nie die tyd bepaal nie.

VOORSITSTER: Was dit lank, was dit 'n uur, twee uur?

MNR MANZINI: Omtrent so 'n uur of so of minder.

VOORSITSTER: En toe u daar was, wat het gebeur? Wat het u daar gesien?

MNR MANZINI: Ek was baie verbaas om, ek meen om so 'n ding te sien.

CHAIRPERSON: Why, was this the first time you saw people dead?

MR MANZINI: No, not dead in such a manner, but you know what happened, I was just a little bit, you know, shocked.

CHAIRPERSON: But quite frankly, I don't expect that you could have been so naive that you did not believe when you drove these people that this could have happened?

MR MANZINI: Anything could have happened.

CHAIRPERSON: Yes, but you were driving them to - what did you expect to happen? Logically, if they were going to be arrested properly, logically you would not have been told to pull off, logically you would have been told you are going to see a police block, a proper police blockade, you will see lights flashing, when you come there, you stop and you get out of the vehicle, so that you allow us to arrest them.

But if you tell that in die dead of the night, you must drive, you must pull off your car on the side, you cannot believe really that something like this was not going to happen? You could not have been that innocent, Sergeant Manzini?

MR MANZINI: You know, the picture came while I was driving, but it is not something that I expected from the beginning you understand.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PRINSLOO: Voorsitster, ek dink dit is ook billik om aan die getuie te stel dan dat daar ook nie net gebruik gemaak word van konvensionele pad blokkades nie, 'n mens sien dikwels bewegende pad blokkades, waar skielik - verkeersmanne doen dit baie, hulle ry met 'n motor, of enige persoon, dan skielik dan hom hulle in die pad in en daar is 'n voertuig wat jou voorkeer.

VOORSITSTER: Maar met respek mnr Prinsloo, die was nie daardie soort saak nie.

MNR PRINSLOO: Ja, maar met respek Voorsitster, wat gestel word hier dat daar verwag sou word dat daar 'n konvensionele pad blokkade sou wees.

CHAIRPERSON: You see, that is precisely the point Mr Prinsloo. If there was any of the kinds of blockades that you are talking about, he would have been told about it, in stead he stopped at a particular point to pull off on the side of the road.

He is not told that - this is by his own version.

MR PRINSLOO: What I am just putting to you Ms Chairperson, is the fact that there are various types of roadblocks and not just the conventional type.

CHAIRPERSON: Yes, we accept that, but he was not told that there was going to be anything of the kind.

MR PRINSLOO: His evidence is to stop at a particular point. That is his evidence.

CHAIRPERSON: Exactly. You, I mean, I want to take you back to that period, it is a period in our history when the police were known to be involved in these sorts of incidents. You are serving in an area where, what is it, how many days before, four days before, people have met a similar kind of fate.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Here you are a young Constable at the time, no experience before in this kind of work I presume from what you have said, to ferry terrorists across the border. What did you logically expect would happen? That they would be arrested nicely?

MR MANZINI: So many things could have happened.

CHAIRPERSON: How did you fee?

MR MANZINI: When?

CHAIRPERSON: When you were given these instructions?

MR MANZINI: I felt I must just carry the instruction out.

CHAIRPERSON: Did you not think there was anything wrong with it? Did you think they were legitimate?

MR MANZINI: I just didn't think there was anything wrong with them.

CHAIRPERSON: What made you run that night?

MR MANZINI: Run?

CHAIRPERSON: Why did you jump out of the vehicle and run?

MNR MANZINI: Ek het gesien dat my lewe gaan in gevaar wees, toe het ek maar padgegee, gestop en weggehardloop.

CHAIRPERSON: Who did you think was going to kill you?

MR MANZINI: Any of those guys with me.

CHAIRPERSON: What happened at that scene, who spoke to you? Who told you it was all right for you to go?

MR MANZINI: To run away?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: No, once you got back to the scene of the - where these people were now dead, you see Pienaar there, you see Combrinck there, you see a whole lot of guys that you don't know.

MR MANZINI: Yes.

CHAIRPERSON: Who tells you that it is okay for you to go now?

MR PRINSLOO: Ms Chairperson, I think, you didn't say he saw Combrinck there, he said I saw Pienaar and Deetlefs and I can't ...

CHAIRPERSON: Sorry, Deetlefs.

MR MANZINI: Pienaar told me it was okay, I can go.

CHAIRPERSON: Did you ask any questions?

MR MANZINI: Not that I remember.

CHAIRPERSON: What happened the next day, or the next time when you signed this affidavit that you presented with false evidence, who came to you to take this statement?

MNR MANZINI: Pienaar.

CHAIRPERSON: What did he say to you? Was it the next morning?

MR MANZINI: No, it was a few days later.

CHAIRPERSON: Did you talk to anybody about this matter?

MR MANZINI: Yes.

CHAIRPERSON: Are you married?

MR MANZINI: Yes.

CHAIRPERSON: Did you go that night and speak to your wife about it?

MR MANZINI: Yes.

CHAIRPERSON: What did you say?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR MANZINI: I can't remember exactly what I said but I told her what happened.

CHAIRPERSON: How did you feel about the fact that you actually led people to their deaths?

MR MANZINI: I felt as something that happened, I couldn't stop it then.

CHAIRPERSON: Did you believe that they deserved to die?

MR MANZINI: Pardon?

CHAIRPERSON: Did you believe that they deserved to die?

MR MANZINI: I think it was very difficult to get them arrested, I mean ...

CHAIRPERSON: Did you think their cause was wrong?

MR MANZINI: I mean the way they were, it was really very, very difficult to get them arrested. That is what I thought.

CHAIRPERSON: So it was right for them to die?

MR MANZINI: I don't know. I can't say anything.

CHAIRPERSON: What did you think about the politics of the time?

MR MANZINI: Politics, I don't take part in any politics.

CHAIRPERSON: No, but what did you personally feel?

MR MANZINI: Myself?

CHAIRPERSON: About their cause?

MR MANZINI: Maybe I don't understand your question.

CHAIRPERSON: They were ANC cadres.

MR MANZINI: Yes.

CHAIRPERSON: How did you as a Black man feel, you were working for the police at the time, what did you feel about what they were fighting for?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR MANZINI: It is just a big shame because this thing happened and you can't bring it back.

CHAIRPERSON: But that is not what I am asking you. I am asking you at that particular time, what did you feel? What did you believe in or was it just another job?

MNR PRINSLOO: Bedoel u kragtens die politiek?

CHAIRPERSON: Yes.

MNR PRINSLOO: Watse politiek hy in geglo het?

VOORSITSTER: Nee, nee, wat het hy op daardie stadium in geglo?

MNR PRINSLOO: Met betrekking tot die politiek?

VOORSITSTER: Ja.

MR MANZINI: My belief is that I mustn't take part in politics and ...

MR KILLIAN: "Maybe I can come to the witness' assistance at this stage. At the time when this occurred", op die stadium toe dit plaasgevind het, was dit aan 'n polisiebeampte verbied om aan enige politieke party te behoort.

MNR MANZINI: Buiten die rede dat ek 'n polisieman was, ek ...

MNR KILLIAN: Nee, maar jy mag nie op daardie stadium openlik jou politieke ondersteuning aan enige party bekendgemaak het nie, dit was 'n oortreding van staande orders en die regulasies op daardie stadium.

MNR MANZINI: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Maar wat die agbare Voorsitster aan u voorhou is, wat was u persoonlike gevoel op daardie stadium met betrekking tot hierdie persone se stryd wat hulle gevoer het teen die destydse regering, dit is wat sy eintlik wil by inkom?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Wat was u gevoel jeens hulle optredes teen daardie tyd se regering, dit is wat sy eintlik vra.

MNR MANZINI: Wat hulle gedoen het, dit het my nie gepla nie, want ek het niks te doen met die politiek gehad nie.

CHAIRPERSON: But surely what did you think. You see, soldiers had been shot in other countries for following orders, it is not really an excuse in many countries in international law for a policeman or a soldier to say I was only following orders.

I believe many have met their fate by being shot or executed, now here you are, having participated in a gross human rights' violation, on your version you didn't really have knowledge that this was going to take place, but nevertheless by your own actions immediately afterwards, you have become part of this particular matter.

Now, what I am trying to canvass with you is if you were carrying out your duties, there was a certain procedure that you would need to follow, for instance you would if asked and obviously an inquiry would take place, you would have to give your own version of what you were asked to do.

I would like you to tell me immediately after this incident, not once you had left the scene, the next day, what actually was told to you, what did you think you should do the next morning now knowing that these guys were not captured, taken prisoner, kept so that they could be given a proper trial, but that they were in fact shot dead.

What did you do the next day as a proper policeman?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR MANZINI: What I had done the following day? I carried on with my normal duties and waited for Pienaar to contact me.

CHAIRPERSON: Did you not draw a statement of your own involvement in this matter? Surely that is normal procedure?

MR MANZINI: No, I did not do that.

CHAIRPERSON: Why not?

MR MANZINI: I knew the time will come when we will draw up the statement.

CHAIRPERSON: Did you already had the sense that what you had been involved in, was wrong, and possibly could create a major problem?

MR MANZINI: I just cannot see I've done something wrong.

CHAIRPERSON: So it is normal procedure to kill people or to have them killed?

MR MANZINI: Not in such a manner to kill people.

CHAIRPERSON: But you still didn't see that it was wrong?

MR MANZINI: I did not kill anyone.

CHAIRPERSON: But you were responsible for taking them to a place where they met their death?

MR MANZINI: But I didn't foresee that they would be killed as such.

ADV STEENKAMP: Sersant Manzini, ek wil 'n hipotese aan u stel, 'n vermoede wat ek het, dan moet u vir my sê of u met my saamstem of nie.

Ek dink die rede waarom u in die hof gelieg het en die valse verklaring afgelê het en ook die rede waarom ek dink vandag u 'n probleem het om die vrae te antwoord, om te onthou wat gebeur het, en ook die rede waarom u die afgelope



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

nege jaar, niks gedoen het om hierdie ware feite na vore te bring nie en ook nie self na die Kommissie toe gekom het nie, is omdat hierdie persone nie gewapen was nie.

U word gestuur ongewapen as 'n konstabel deur 'n adjudant-offisier na die grens toe, welwetende u gaan vier terroriste oplaai wat gewapen is, want dit is die rede hoekom hulle oorkom.

As hulle nie gewapen was nie, was daar geen rede eintlik, ek bedoel hulle kon daar gearresteer gewees het. Ek dink die probleem wat u het is, die mense was nie gewapen nie, en die rede daarvoor, ek dink dit is baie maklik ook as u kyk na die geregtelike doodsondersoek, en u weet dit, daar was nie 'n enkele skoot afgevuur deur hierdie wapens nie, nie 'n enkele skoot nie.

Daar is doppies opgetel, maar die magasyne was vol. Hier word uit die bloute uit op die mense geskiet in die middel van die nag. Daar word nie een AK patroon uit daardie magasyne uit afgevuur nie. Ek dink die probleem wat u het is dat soos in die vorige geval wat u van kennis dra, waar die wapens op die toneel geplant is, is die wapens ook op hierdie toneel geplant.

<u>MEV VAN DER WALT</u>: Ekskuus tog, u moet net eers vir hom vra of hy weet dat in die vorige geval daar wapens geplant was, want dit is not - hy het glad nie daaroor getuig nie en u beskuldig hom nou van 'n feit wat hy van geweet het. U moet eers by hom uitvind of hy dit weet.

<u>CHAIRPERSON</u>: Sorry Mrs Van der Walt, what Andre is actually doing is he is saying to him, he is putting a position to him. He can respond to the position.

<u>MEV VAN DER WALT</u>: Maar u weet, dit is baie lang vrae. Dit is - u begin by een en u doen dit elke keer mnr Steenkamp, ek het probeer om my te weerhou om


SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

vir u daarop te wys en ek dink u behoort dit te weet, en hierdie kliënt van my, het hierdie Kommittee probeer help, hy getuig nie eers in sy eie taal nie, en dan kom u en dan maak u stellings van amper 'n halfuur lank. Ek dink u moet regverdig wees.

CHAIRPERSON: With respect, Mrs Van der Walt, quite frankly, it is fairly simple to follow the hypotheses that is being put to Sergeant Manzini.

MEV VAN DER WALT: Wel, ek is Afrikaans en ek kan dit nie volg nie.

MNR PRINSLOO: Ek het probeer byhou om te skryf met eerbied Voorsitster, en ek het met respek aan my kollega, mnr Steenkamp, miskien as hy die vrae een vir een stel.

ADV STEENKAMP: Kom ons maak dit maklik vir almal. Ek is nie heeltemal seker wie tree vir wie op nie, want u het beswaar teen my vrae en mev Van der Walt het ook beswaar teen my vrae.

MEV VAN DER WALT: Ons tree altwee saam op.

ADV STEENKAMP: Goed. As jy my kans gee om my vraag te antwoord, dan sal u miskien my vraag hoor mnr Prinsloo.

MNR PRINSLOO: Intussentyd, indien ek net mag voorstel, en ek het nie geskree of niks nie, maar met respek, en ek wil aan die hand doen dat daar een vraag op 'n slag gestel word en dat die getuie die geleentheid gebied word om dit te antwoord. Ek dink dit is billik.

ADV STEENKAMP: Goed. Die rede hoekom ek die agtergrond vir u geskets het, is maar eintlik om dit vir u makliker te maak om te antwoord.

Die stelling wat ek basies aan u maak is 'n vermoede, dit is nie 'n feitlike ding nie, maar die rede hoekom ek dink u vandag 'n probleem het om te



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

verduidelik, en ek wil vir u vra om hierdie geleentheid vandag te gebruik om vir ons te vertel wat werklik gebeur het, is dat hierdie persone nooit gewapen was nie.

En dat hierdie wapens op hierdie persone geplant is en hoekom ek so sê, die rede hoekom ek so sê is, die magasyne wat gekry is op die toneel, was vol. Dit is die eerste ding. Daarmee sal u met my saamstem.

Die tweede ding is, u was ongewapen as 'n konstabel, u gaan laai gewapende terroriste op. Die tweede punt. U is nog met my?

Die derde punt hoekom ek so sê desnieteenstaande die feit dat hulle vir u sê bestuur aan, stop u die voertuig, u spring uit en u hardloop weg. En die finale punt is dat op hierdie toneel, van die toneel self, was daar nie 'n offisier van diens nie, want daar is nie 'n verklaring van hom nie, daar is nie foto's van die toneel geneem nie, die toneel is geherkonstrueer, gerekonstrueer en ek dink die belangrikste feit van my motief is dat u gelieg het in die hof vir geen rede nie.

CHAIRPERSON: I just want to make sure, have you understood all of that?

MR MANZINI: Must I answer or ...

CHAIRPERSON: Yes, but have you understood everything that Mr Steenkamp has said?

MNR MANZINI: Ek weet dit vir 'n feit dat die mense wapens by hulle gehad het. Seker, doodseker daaromtrent.

Met betrekking tot die diensoffisiere, verklarings wat moes geneem wees, kan ek niks daaromtrent sê nie, want ek het self nie die ding ondersoek nie. Ek het ook nie geweet wat om te doen daarna nie.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, ek dink u het gesê ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PRINSLOO: Ek dink hy moet eers klaar antwoord. Hy is nog nie klaar nie. Moet eers klaar maak. Is jy klaar? Daar was vyf vrae gewees wat mnr Steenkamp gevra het.

Die een was gewees die wapens geplant, die tweede een is die magasyne is vol op die toneel gevind, die derde is hy is ongewapen, die vierde is desnieteenstaande dat hulle sê bestuur aan, het hy stilgehou, en die vyfde is hy stop en hy spring uit en die belangrikste is dat hy in die hof leuens vertel het sonder rede, is dit reg?

ADV STEENKAMP: Dit is reg, maar dit was nie vrae gewees nie, dit is net ter ondersteuning van my vraag.

MNR MANZINI: Soos ek alreeds geantwoord het dat ek weet vir 'n feit dat hulle was gewapen en die verklarings van die diensoffisiere en goed, kan ek nie daaromtrent sê nie.

Maar die feit dat ek gestop het en weggehardloop het, ek moes weggehardloop het. Ek het gedink dit was my reg om weg te hardloop aangesien die situasie gevaarlik was vir my ook.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, toe u die subpoena ontvang het om voor die Kommissie te verskyn, het u dit met u eie takbevelvoerder bespreek, die huidige een?

MNR MANZINI: Ek sal sê hy was alreeds, hy het opdragte gegee hulle moet my inroep. Kolonel Killian was daarso saam met hom. Hy het niks met my bespreek nie, hy het geweet ek kry 'n subpoena hieromtrent.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Wat hy gedoen het, hy het in die voertuig ingeklim en weggehardloop en ek het hom geroep in sy teenwoordigheid, waarop hy ook nie enigiets met my gepraat het hieromtrent nie.

ADV STEENKAMP: Wie is vandag u takbevelvoerder?

MNR MANZINI: Inspekteur Koen.

ADV STEENKAMP: Ek is nie seker of ek u reg verstaan het nie. Was hy bewus dat u die subpoena ontvang het?

MNR MANZINI: Dit is reg, hy is bewus. Hy het eintlik voor die tyd geweet ek kry 'n subpoena voor ek weet.

ADV STEENKAMP: Hoekom was dit nodig om dit met Combrinck te bespreek wat ses jaar gelede al verplaas is na 'n ander dorp toe?

MNR MANZINI: Ek werk saam met hom, nou is ek besig met 'n spesiale diens waar hy my bevelvoerder is.

ADV STEENKAMP: Ek het nog 'n paar enkele vrae oor die gebeure. Die eerste een is was daar opdragte aan u gegee, u het nou opdragte gekry om links af te trek en die flikkerlig aan te sit ensovoorts, was daar as deel daarvan opdragte gegee dat u moet weghardloop of nie?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Was daar geen instruksies aan u gegee wat om te doen nadat u stilhou nie?

MNR MANZINI: Nee. Ek het my eie diskresie gebruik ek moet weghardloop.

ADV STEENKAMP: Hoekom het u nie die opsie uitgeoefen om maar liewer deur te ry en in die dorp of by die garage stil te hou nie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Aangesien ek moes deurgery het tot by die garage as hulle nie gewapen was nie.

ADV STEENKAMP: Ek het verstaan dat u daardie opsie moes uitoefen dat u dit moes doen, as u nie kan stilhou nie?

MNR MANZINI: Ja.

ADV STEENKAMP: Met ander woorde as u voel dit is te gevaarlik vir u, dan sal u nie stop nie, u sal liewer aanry?

MNR MANZINI: As ek by daardie feit kom, ek dink enige man sal sy eie diskresie gebruik as so 'n ding gebeur.

ADV STEENKAMP: Maar, sê net eers, bevestig net vir my, het ek dit reg. As dit gevaarlik vir u is, dan moet u nie stop nie, maar u moet aanry, dit was die instruksies van Pienaar?

MNR MANZINI: Nee, die instruksie was as hulle nie gewapen was nie, sal ek sommer daar gaan stilhou het, of verby ry tot daar na die garage toe.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, ek het afgeskryf wat u gesê het en ek stel dit aan u dat u nou deurmekaar is of uself weerspreek. Punt een, as hulle wapens het, sal u 'n flikkerlig aansit en links aftrek.

Punt twee, as hulle geen wapens het nie, geen flikkerlig nie, hou net doodgewoon stil.

Die derde punt, as u nie kan stop nie, ry reguit aan en gaan stop by 'n garage.

MNR MANZINI: Dit is nou as hulle nie gewapen was nie.

ADV STEENKAMP: As hulle geen wapens het nie, dan moet u dorp toe ry? Is dit nou wat u sê?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ja. Ja.

CHAIRPERSON: (Indistinct)

MR MANZINI: Pardon?

VOORSITSTER: Dit is nou seker 'n nuwe feit wat u vir ons vertel?

MNR MANZINI: Nee, ek het dit tevore gesê.

ADV STEENKAMP: That is not as I understood his evidence earlier on. Mnr Manzini, wat sal dan die doel gewees het om nie te stop as dit met ongewapende mense, sou u dan Durban toe gery het?

MNR MANZINI: Ekskuus?

ADV STEENKAMP: Sou u dan, as die mense geen wapens het nie, hulle maar Durban toe gevat het?

MNR MANZINI: Ek sal gegaan het by die garage.

ADV STEENKAMP: En wat sou daar gebeur?

MNR MANZINI: Daar sal seker arrestasies gedoen gewees het of wat ook al, ek weet nie.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, die Kommissie het geen getuienis van enigiemand nie en ek kan u verseker ons het omtrent 15 verklarings oor die insident, wat hoegenaamd verwys na 'n garage nie.

Nou u kan seker nie sê, verduidelik, hoekom ander mense dit sê nie, maar is u seker dat u geheue u nie in die steek laat hier nie?

MNR MANZINI: Is ek seker dat ...

ADV STEENKAMP: Dat u dit nie deurmekaar het nie, daar was nooit sprake van 'n garage nie?

MNR MANZINI: Ja, daar was sprake van 'n garage.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Het mnr Pienaar in sy instruksies, ooit die woord arrestasie gebruik? Het hy verwys na 'n gepoogde arrestasie?

MNR MANZINI: Ja.

ADV STEENKAMP: Wat het hy gesê?

MNR MANZINI: Ek kan reg onthou, as hulle nie gewapen was nie, sal hulle daar by die garage gearresteer gewees het, want ek sou soontoe gery het.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, heel aan die begin het u erken dat u sekere verkeerde feite weergegee het destyds met die geregtelike doodsondersoek.

Wat is daardie verkeerde feite wat u destyds verkondig het?

MNR MANZINI: Dat daar 'n blou lig by die voertuig was, daar was nie 'n blou lig nie.

ADV STEENKAMP: Net daardie een ding?

MNR MANZINI: En dat ek gestop was met die flits. Ek was nie met die flits gestop nie.

ADV STEENKAMP: Is dit al?

MNR MANZINI: Ja.

ADV STEENKAMP: Nou hoekom was dit nodig om destyds daaroor verkeerde feite te gee?

MNR MANZINI: Soos ek reeds getuig het dat adjudant Pienaar het vir my die verklaring geskryf en ek het ook so gaan getuig omrede dat ek reeds so 'n verklaring afgelê het.

ADV STEENKAMP: Is dit nou die enigste feit waarop u destyds 'n onwaarheid vertel het?

MNR MANZINI: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Ek kan nie sien dat dit die saak enigsins bevorder het of verder gevoer het nie, hoekom daardie ding uitsonder en verkeerd weergee?

MNR MANZINI: Dit is omrede dit nie so was nie.

ADV STEENKAMP: Het u vir Pienaar gesê nee, dit is verkeerd, ons moet die verklaring hier regkry?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Hoekom nie?

MNR MANZINI: Tweedens het ek gepraat van die Hi-Ace, dit was nie 'n Hi-Ace nie, dit was 'n E20.

ADV STEENKAMP: 'n Polisievoertuig?

MNR MANZINI: Nee. Ek het nie geweet of dit 'n polisievoertuig was nie of wat ook al nie, maar dit was 'n minibus.

ADV STEENKAMP: Laastens, of 'n verdere punt altans, kan u vir my presies beskrywe toe u by die voertuig kom, hoe het die persoon gelyk wat daar buitekant lê? Waar het hy gelê, hoe het hy gelê?

MNR MANZINI: Hy het op die grond gelê en hy het nog die vuurwapen by sy hande gehad.

ADV STEENKAMP: Hoe het hy gelê, op sy rug, op sy maag, op sy sy?

MNR MANZINI: Ek kan nie nou onthou nie, maar ek dink hy was op 'n sy gewees.

ADV STEENKAMP: Waarheen het die vuurwapen gewys?

MNR MANZINI: So skuins agtertoe. ... (band eindig) ...

ADV STEENKAMP: ... hierdie wapens, was dit met hout kolwe of staal of wat, die kleur daarvan?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Ek kan nie meer onthou nie.

ADV STEENKAMP: U het seker baie AK's gesien in u diensjare?

MNR MANZINI: Ek het.

ADV STEENKAMP: Kom hulle met verskillende soorte, hout kolwe, staal kolwe of ander materiale?

MNR MANZINI: Dit is hout.

ADV STEENKAMP: Altyd net hout?

MNR MANZINI: Van hulle wat ons terugkry is die kolwe afgesny.

ADV STEENKAMP: Weet u of daardie wapens kolwe gehad het?

MNR MANZINI: Hulle het kolwe gehad.

ADV STEENKAMP: Hoe het hulle gelyk?

MNR MANZINI: As ek reg was, dit was hout gewees.

ADV STEENKAMP: Weet u of die mense ander wapens in hulle besit gehad het, of laat ek dit so stel, het u gesien of hulle ander wapens in hulle besit het?

MNR MANZINI: Nie wat ek gesien het nie, wat ek gesien het is daardie AK's. Dit is die AK's wat langs my, tussen ek en die ander man, was daar 'n magasyn ja.

ADV STEENKAMP: Het u enigiets te doen gehad met die vervoer van die lyke na die lykshuis en die klas van ding?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Het u die lyke daar gesien?

MNR MANZINI: Waar?

ADV STEENKAMP: In die lykshuis?

MNR MANZINI: Ek het hulle laas gesien by die toneel, ek het nie ...

ADV STEENKAMP: Nie weer gesien nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Daar is klagtes van die naasbestaandes van hierdie oorledenes dat daar op sê maar op 'n baie onrespekvolle wyse met die lyke gewerk is by die lykshuis. Weet u daarvan?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Het u voorheen gesê daar was 'n Scorpion, het ek verkeerd verstaan of het u verstaan daar was 'n handwapen gebruik?

MNR MANZINI: Ja.

ADV STEENKAMP: Het u die wapen self gesien?

MNR MANZINI: Ja, die ander man wat toe teruggegaan het, het daardie Scorpion gehad.

ADV STEENKAMP: Tensy ek verkeerd is, ek het gekyk op die bewysstuklys wat deur brigadier Engelbrecht voltooi is, verskyn daar nie 'n Scorpion nie. Ek kan dalk verkeerd wees.

MNR PRINSLOO: Me Voorsitster, miskien kan ek - mag ek u dalk net reghelp, ek dink in sy getuienis het die getuie getuig dat aanvanklik toe hy by Swaziland grens hulle gaan oplaai het, die persoon wat met hom 'n gesprek gevoer het, dit is soos my nota lees, het daardie persoon 'n Scorpion wapen by hom gehad.

Tensy ek dit verkeerd verstaan het.

ADV STEENKAMP: Goed dankie.

VOORSITSTER: Het u daardie man tevore geken?

MNR MANZINI: Die?

VOORSITSTER: Die man wat teruggegaan het?

MNR MANZINI: Tevore geken?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITSTER: Ja?

MNR MANZINI: Nee. Ek ken nie een van hulle nie.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, daar was omtrent tegelykertyd met hierdie aksie ook 'n ander aksie in Swaziland.

Weet u daarvan?

MNR MANZINI: Nee. Herhaal weer die vraag.

ADV STEENKAMP: Terwyl hierdie vier mense doodgeskiet is op die teerpad, is ander mense doodgeskiet in Swaziland as deel van die operasie van die Veiligheidspolisie. Weet u daarvan?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Het u agterna daarvan gehoor?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: Het u nooit gehoor dat van Freek Pienaar se ander mense iemand in Swaziland doodgeskiet het nie, dieselfde tyd?

MNR MANZINI: Nee. Die mense hou die goed so baie geheim. Hulle sê nie 'n woord nie vir enige persoon nie.

ADV STEENKAMP: Ken u vir Paul van Dyk? Ek dink hy was 'n AO gewees destyds?

MNR MANZINI: Nee, ek ken hom nie.

MNR KILLIAN: Mnr Manzini, ek wil net teruggaan na die voorval die aand van die skietery. Kan u vir ons 'n aanduiding gee hoe laat ongeveer hierdie skietvoorval plaasgevind het?

MNR MANZINI: Ek kan nie presies sê nie, maar dit was na "half past eight".



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

<u>MNR KILLIAN</u>: As ek sê tien oor tien, is dit moontlik dat dit op daardie tyd kon plaasgevind het?

<u>MNR MANZINI</u>: Ja.

<u>MNR KILLIAN</u>: Ken u vir luitenant Human wat op Piet Retief gestasioneer was op daardie stadium?

<u>MNR MANZINI</u>: Ja. Ek ken hom.

<u>MNR KILLIAN</u>: Hy is die offisier wat na bewering die skiettoneel bygewoon het. Het u hom daar gesien op die toneel?

<u>MNR MANZINI</u>: Ja, ek dink, dit kan gebeur dat hy daarso was.

<u>MNR KILLIAN</u>: Ek wil aan u voorhou sy skietverslag wat hy ingedien het na die afdelingskommissaris van daardie tyd, waarin hy sê dat ooglopend moes u aan hom hierdie verklaring gemaak het, want dit is deel van sy skietverslag, waarin hy sê vier bewapende swartmans het in 'n polisieoptrede met 'n voertuig, SAP en die SAP nommer van die voertuig, wat bestuur was deur uself, nommer Sierra 17053 November, dit was u magnommer op daardie stadium.

<u>MNR MANZINI</u>: Wat is die nommer?

<u>MNR KILLIAN</u>: Hy sê, Sierra 17053 November, dit mag verkeerd wees, dit is die nommer wat hy gee, maar hy gee tog Speur-konstabel Manzini, M.S. Manzini.

<u>MNR MANZINI</u>: Daardie nommer is verkeerd, die voorletters is verkeerd.

<u>MNR KILLIAN</u>: Hier is baie goed in hierdie verslag verkeerd in elk geval, ek wil dit nou-nou net aan u stel, miskien kan u ons help met die probleem wat ek ondervind hiermee.

<u>MNR MANZINI</u>: Ek kan niks omtrent daardie verslag sê nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Verder sê hy konstabel Manzini het die voertuig gestop, waarna die swartmans op hom, op uself, met AK47 wapens begin skiet het en hy gebruik die meervoud - wapens.

Ons het nou uit die ondervraging van mnr Steenkamp gehoor dat daar een skoot geskiet was uit al die wapens wat op die toneel gevind was, in besit van die mense wat in u kombi vervoer was.

MNR MANZINI: Is daar een skoot geskiet?

MNR KILLIAN: Dit is na bewering, volgens die ballistiese ondersoeke, blyk dit asof daar net 'n enkele skoot uit een van daardie wapens afgevuur was.

MNR PRINSLOO: Ek dink ons moet dit net regstel, daar was sprake van twee doppies, maar daar was nie sprake dat hulle inderdaad uit die oorledenes se gewere gekom het nie.

MNR KILLIAN: Gaaf, ons aanvaar dit dan so. Nou sê hy in sy skietverslag, dat die datum van die voorval was 12 Julie 1988 en die tyd was 22h10. Dit is tien oor tien.

Nou die ligging waar hierdie insident plaasgevind het, is na bewering ongeveer plus minus sewe kilometer weg van Piet Retief af.

Hy gee in sy verslag aan dat hy om 22h15, dit is vyf minute na die skietvoorval, was hy reeds op die toneel. Sou u sê in u ondervinding en met u kennis van daardie ligging, dat dit moontlik is as so 'n voorval plaasvind, en die man Human is nie deel van die opset nie, en hy moet nou in kennis gestel word in Piet Retief en hy moet nou van Piet Retief af reis na u ligging toe waar die skietvoorval plaasgevind het, dat hy dit in vyf minute kan doen?

MNR MANZINI: Die vraag is kan hy dit in vyf minute doen?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

<u>MNR KILLIAN</u>: Die vraag is kan hy na die skietery plaasgevind het, dit word aangegee as 22h10 as die tyd van die skietvoorval, nou moet hy vanaf die toneel in Piet Retief in kennis gestel word, hier is nou so 'n skietvoorval plaasgevind, jy moet nou hierdie toneel kom besoek.

Is dit vir hom moontlik om vanaf Piet Retief na die ligging waar die skietvoorval plaasgevind het, te ry in vyf minute? Onthou hy verwag nie hierdie oproep nie, hy is nie voorbereid op so 'n aksie nie.

<u>MNR MANZINI</u>: Ek weet nie.

<u>MNR KILLIAN</u>: Sal u dit kan doen? As u by die huis sit in gemaklike omstandighede, onbewus van wat daar plaasvind waar u nou opgetree het, u is nou die diensoffisier, plaas u in sy posisie. Sal u binne vyf minute van u huis af in Piet Retief by daardie toneel kan uitkom?

<u>MNR MANZINI</u>: Dit hang af hoe laat weet hulle my.

<u>MNR KILLIAN</u>: Kan u daardie afstand in vyf minute aflê?

<u>MNR MANZINI</u>: Dit is nie ver van die dorp af nie.

<u>MNR KILLIAN</u>: Dit is sewe kilometer volgens hom.

<u>MNR MANZINI</u>: Ek weet nie.

<u>MNR KILLIAN</u>: Nog 'n ander interessante punt wat hieruit voortspruit, is hier word voorgegee dat daar agt persone deelgeneem het aan hierdie aksie.

Agt behalwe uself, agt ander polisiebeamptes. Is dit korrek dat daar net agt ander was?

<u>MNR MANZINI</u>: Ek kan nie sê nie.

<u>MNR KILLIAN</u>: Ek sal hom reghelp, ek probeer nie vir hom strikvrae stel nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MEV VAN DER WALT: Dit maak nie vir my sin nie, want hy het vir u van die begin af gesê hy kan nie vir u op daardie verslag enigiets antwoord nie.

MNR KILLIAN: Ek gaan vir hom 'n foto wys dame, dan kan hy sekerlik daarop antwoord.

MEV VAN DER WALT: Ja, maar ons praat oor die verslag mnr Killian.

MNR KILLIAN: Nee, ek het hom gevra om 'n stelling te maak. Ek het nie gesê hy moet vir my die outentiteit van die verslag waarborg nie.

As u na die foto kyk, dan word daar onomwonde nege figure geïdentifiseer?

MNR MANZINI: Is dit, wat is dit?

MNR KILLIAN: Dit is 'n herkonstruering van die toneel, daar staan die kombi, hier is die persone wat in leketaal, in ons polisietaal sê, die doodsakker gevorm het en daar is nege indiwidue.

MEV VAN DER WALT: Wat is die vraag mnr Killian?

MNR KILLIAN: Ons kom nou by die vraag. Daar is nege.

MEV VAN DER WALT: Ja, maar wat is die vraag mnr Killian?

MNR KILLIAN: Ons sal by die vraag kom. Ek wil vra of hy met my saamstem dat daar nege persone op hierdie foto verskyn, dit is die vraag.

MNR MANZINI: Moet ek antwoord ...

MNR KILLIAN: Is hier nege persone op die foto, ja of nee?

MNR MANZINI: Ja, ek sien.

MNR KILLIAN: Goed. U het vir ons gesê dat u het nie instruksies ontvang in watter rigting u moet hardloop nie, nadat u die kombi verlaat het nie.

MNR MANZINI: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: U het op eie inisiatief besluit vir my eie veiligheid vlug ek nou uit uit hierdie kombi uit.

MNR MANZINI: Ja.

MNR KILLIAN: Verskoon my net 'n oomblik. As iemand anders miskien in die tussentyd 'n vraag het om mee aan te gaan, asseblief, help my dat ek net by die regte foto kan uitkom.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, ek het een ding vergeet ten aansien van die lyk wat buite die voertuig gelê het, kon u uitmaak of daardie liggaam beserings getoon het?

MNR MANZINI: Ek kon sien hy bloei op die kop.

ADV STEENKAMP: En die ander?

MNR MANZINI: Ek het nie weer teruggegaan kar toe en gekyk waar presies is hulle beseer nie.

CHAIRPERSON: I have one question. Were you ever used before this incident as a taxi operator?

MR MANZINI: No. That was my first time and my last one.

CHAIRPERSON: Thank you.

MNR KILLIAN: Ek wil graag aan u die foto toon van die kombi. Dit is die kombi wat u bestuur het. Dit is die kombi waarin die oorledenes vervoer was.

As ons na die kombi kyk, na die koeëlgate soos aangedui op hierdie foto's, dan is al die skote van die linkerkant af en skuins van agter af in die kombi in gevuur?

MNR MANZINI: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Die teenoorgestelde kant van die kombi is absoluut skoon. Nou kom ons terug na foto 19, dit is die posisies waarin die polisiebeamptes plekke ingeneem het met u stilhou op hierdie punt.

U was tog sekerlik betrokke by die rekonstruering van die toneel?

MNR MANZINI: Ek was nie daar nie.

MNR KILLIAN: Dan is hierdie 'n fabel? Dit is 'n verdigsel van die werklikheid?

MNR MANZINI: Ek weet nie.

MNR KILLIAN: As u nie daar was nie, u was die bestuurder en u het nie gaan wys waar u presies stilgehou het nie, want u was die bestuurder van hierdie kombi, dan is dit 'n leuen, dan is hierdie 'n fabel wat hier gerekonstrueer is.

MEV VAN DER WALT: Kan ek net op rekord plaas dat die foto wat aan my kliënt getoon word, is 'n foto was aandui waar die verskillende polisiemanne gestaan het en as ek my kliënt se getuienis korrek verstaan, dan het hy gesê hy het nie geweet waar die polisiemanne was nie.

So ek kan nie sien hoe kan u vir hom sê dat dit 'n fabel was nie, want hy weet nie waar die polisiemanne was nie, hy was nie betrokke by die rekonstruksie nie.

CHAIRPERSON: Perhaps I could ...

MNR KILLIAN: Dit is presies die punt wat ek wil maak.

CHAIRPERSON: Sorry Fanie, can I just ask Sergeant Manzini, are you saying that you yourself were not involved in the reconstruction of the scene?

MR MANZINI: When that photo was taken?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: Yes, you see when an investigation took place, an attempt was made to reconstitute what had actually happened?

MR MANZINI: Besides that, they came to me for a statement, I was never ever involved again.

CHAIRPERSON: Nobody took you to the scene to point out at exactly what place the kombi stopped?

MR MANZINI: Who?

MR KILLIAN: Anybody?

CHAIRPERSON: Anybody?

MR MANZINI: Not that I remember of.

CHAIRPERSON: Nothing, okay. Thank you, any further questions?

MR KILLIAN: Another interesting point is that it is a well-known fact that Colonel Eugene de Kock of Vlakplaas was also a participant in this particular incident, but nowhere ever in this inquest, entire inquest is any reference made to him.

Can you perhaps explain that to us?

MR MANZINI: I can't say anything about that, I can't comment about that.

MR KILLIAN: Did you see him there?

MR MANZINI: I don't know him, I just knew, I didn't know him before, I know him now recently.

MR KILLIAN: So were they strange people to you participating in this particular action on that particular evening?

MR MANZINI: Yes.

MRS VAN DER WALT: He has said so.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR KILLIAN: Thank you.

CHAIRPERSON: Can I ask you this question? You have probably the last year seen a lot of photographs of Mr de Kock. Did it remind you of that night, did you make the link between what happened that night and pictures that you had seen recently of Mr de Kock?

MR MANZINI: I can't remember. After the incident, I used to see him, he used to come there, then I recalled that I used to see him before. But I can't say exactly he was there that evening.

CHAIRPERSON: Frans?

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, u is seker bewus daarvan dat daar groot probleme in die polisie is die afgelope paar jare al met verskillende dinge, korrupsie en die klas van dinge?

MNR MANZINI: Ja.

ADV STEENKAMP: Die koerante is vol daarvan, daar word meer voertuie gesteel uit die polisie se aanhouding as op straat partykeer, daardie klas van dinge? U was bewus daarvan?

MNR MANZINI: Ek hoor van dit.

ADV STEENKAMP: Sal u met my saamstem dat een van die probleme ontstaan omdat daar so 'n groot vriendskap is tussen polisiemanne, hulle help mekaar?

Iemand doen iets verkeerd, die ander man "cover" vir hom? Dit gebeur, soos dit hier gebeur het. Kyk nou na die skietverslag as 'n voorbeeld.

Stem u daarmee saam, dit gebeur, dit is maar soos die polisie werk?

CHAIRPERSON: It is not a trick question.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MEV VAN DER WALT: Sien dit is nou wat ek nou weer nie verstaan nie, ek is vreeslik jammer, ek probeer ook maar hierdie ding agter die rug kry, maar mnr Manzini sê hy weet niks van hierdie skietverslag nie, hy sê vir die Kommittee en hy het van die begin af gesê daar is 'n aspek waaroor hy nie die waarheid gepraat het nie, en hy sê die enigste ding is die blou lig en die flits.

Hy het vir verskeie van die Kommitteelede gesê hy weet niks van die skietverslag nie, hy weet nie eens of daar een opgestel is nie, maar nou word hy gekonfronteer met dinge wat toegesmeer is, hoe weet hy wat is toegesmeer in die skietverslag? Met respek.

ADV STEENKAMP: Ek het sy getuienis gehoor, dit is werklik nie nodig om dit vir my te herhaal nie. Ek noem dit as 'n voorbeeld van wat gebeur in die polisie. Ek kan ook die voorbeeld noem van Soweto se Protea Pond waar blykbaar 60 voertuie in die maand gesteel is, maar ek dink dit is meer relevant om hierdie voorbeeld te noem.

My punt is eenvoudig dit, die polisie help mekaar, hulle smeer dinge toe, hulle doen verkeerd en dit is een probleem wat ons vandag met die mag ervaar. Sal u met so 'n stelling saamstem mnr Manzini?

MNR MANZINI: Ek kan niks daaromtrent sê nie.

ADV STEENKAMP: As een van jou kollegas iets verkeerd doen, dan sal jy hom nie sommer verraai nie. Jy sal nie 'n dossier open teen hom dat hy 'n man geklap het in die aanklagkantoor nie? En jy weet as jy die bakkie stamp, dan sal hulle jou miskien help om dit 'n bietjie minder ernstig te maak of 'n EVS te kry. Daardie klas van dinge? Stem u saam, dit is nie Staatsgeheime nie, hier sit 'n kolonel wat 30 jaar was in die polisie en hy sê vir my dit is nog baie erger as dit.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: Perhaps we should put it differently. Given the same set of circumstances today ...

MR MANZINI: Pardon?

CHAIRPERSON: If the same request was made to you today, to do this thing, to pick up four guys to drive them to the border, what would you do? Would you do it again?

MR MANZINI: It all depends on the situation.

CHAIRPERSON: But you would blindly follow instructions?

MR MANZINI: Obviously.

CHAIRPERSON: I presume that every policeman is made aware of his own obligations in terms of the Police Act, did you never find it strange that apart from giving this affidavit and testifying at the inquest, that you were not asked to be part of this reconstruction or investigation of the scene?

MR MANZINI: Would you repeat the question again?

CHAIRPERSON: You see, I find it very strange that you are a policeman, you admit now that you lied in your own affidavit.

There is an investigation that takes place of this matter, people actually go to the scene where this took place and they reconstruct the events of that particular night.

But you, a key role player, the person who drove the vehicle, the person who can actually show them where the vehicle stopped, where you ran out, you are not asked to participate in that?

MR MANZINI: Yes, but I think I was not the only person at the scene. Presumably the other people could go and show them.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

CHAIRPERSON: Nobody could tell them how you drove the kombi, where the kombi exactly stopped, how you got out and ran?

MR MANZINI: If someone came to me and asked me where did I fetch the people, where did I go stop, I should have shown him.

MNR KILLIAN: Die vraag is niemand het u genader om te gaan uitwys waar u stilgehou het toe die skietery plaasgevind het op daardie betrokke aand nie. Daardie toneel is gerekonstrueer sonder u betrokkenheid en u was nie daarby betrokke nie, dit is wat die vraag op neerkom.

ADV STEENKAMP: Mnr Manzini, gestel, ek sê nie dit gaan gebeur nie, maar gestel dat by die amnestie verhoor kom die mense wat geskiet het, en die een of die ander van hulle, of hulle almal, erken ons wou nooit hierdie mense arresteer nie, ons wou hulle doodskiet. Ons weet nie of hulle dit gaan sê nie, maar dit is 'n moontlikheid.

Wat sal u daarvan sê? Stem dit ooreen met wat u daardie dag ondervind het?

MNR MANZINI: As hulle sê hulle wou die mense doodskiet?

ADV STEENKAMP: Hulle wou hulle nooit arresteer nie, ja?

MNR MANZINI: Dan sal ek niks kommentaar daarop lewer nie, ek het nie geweet daarvan nie.

ADV STEENKAMP: Sal u 'n bevel uitvoer, soos u gesê het, as een van u hoër offisiere vir u sê man gaan na die Waarheidskommissie en sê vir hulle dit, en dit, en dit, sal u daardie bevel dan so uitvoer?

MNR MANZINI: As hy vir my sê om dit en dit en dit te doen?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Ja. As Combrinck vir u gesê het gaan sê vir hulle daar was 'n kar met 'n blou lig in die pad, sal u dit vir ons kom sê het?

MNR MANZINI: Nee.

ADV STEENKAMP: As hy vir u sê gaan sê vir hulle die mense was gewapen, sal u dit vir ons kan kom vertel, dit is mos nou 'n bevel?

MNR MANZINI: As hulle nie gewapen was nie, sal ek sê hulle was nie gewapen nie.

ADV STEENKAMP: Dankie, ek het geen verdere vrae nie.

CHAIRPERSON: Thank you Sergeant Manzini. If we require you further, we will - we've got one more question.

MNR KILLIAN: Die kombi wat in hierdie skietvoorval betrokke was, is huidig 'n taxi in Piet Retief en dit behoort aan 'n polisiebeampte?

MNR MANZINI: Ek weet nie waar hy is nie.

MNR KILLIAN: Weet u nie, nee gaaf, dankie.

CHAIRPERSON: Thank you Sergeant Manzini. If we require you again, we will certainly re-issue a subpoena. Mrs van der Walt, Andre has just brought to my attention, were you the Prosecutor in this matter?

MEV VAN DER WALT: Ek dink nie ek is gedagvaar om voor die Kommissie enige vrae te antwoord nie.

CHAIRPERSON: That is quite true, but it is certainly something.

MEV VAN DER WALT: Ek is nie bereid om enige vrae te antwoord nie.

CHAIRPERSON: I see, thank you.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MEV VAN DER WALT: Ek is hier as 'n regsverteenwoordiger van my kliënt, en dit is al waarvoor ek hier is. As u enigiets by my wil weet, dan moet u my maar dagvaar.

CHAIRPERSON: Thank you very much.

--------------------



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE